HOOFSTUK 5

# 5. DIE NASIONALE BELEID VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS VANAF 1972

## 5.1 Inleiding

Die drieledige aanloop tot die afkondiging van die nasionale beleid[x)] van ge= differensieerde onderwys, naamlik die komitee van ondersoek (1964), Wet no. 39 van 1967 en Wet no. 41 van 1967 word ten aanvang in hierdie hoofstuk be= spreek. Daarna word 'n uiteensetting van die nasionale beleid van gedifferen= sieerde onderwys gegee. Die ontstaan en ontwikkeling van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad word hierna kortliks uiteengesit. Algemene universiteits= toelatingsvereistes, sowel as toelatingsvereistes tot bepaalde studierigtings word verder in die hoofstuk bespreek.

In die tweede afdeling van die hoofstuk word enkele uitstaande kenmerke van die provinsiale toepassings van die nasionale beleid behandel. Die belangrikste voor- en nadele van die komprehensiewe hoërskool word in die laaste gedeelte van die hoofstuk onder die soeklig geplaas.

## A. Die nasionale stelsel

## 5.2 Komitee van ondersoek (1964) (RGN-verslag, 1970, pp. 3 - 7)

Die aanvang tot herorganisasie van gedifferensieerde onderwys in Suid-Afrika as geheel het voortgevloei uit 'n besluit van die Nasionale Adviserende Onder= wysraad (die huidige Nasionale Onderwysraad) dat navorsing oor alle aspekte van gedifferensieerde onderwys en Voorligting gedoen moet word. Op 6 Augustus 1964 is 'n navorsingskomitee onder voorsitterskap van die Direkteur van die

x) Met "beleid" word hier die teoretiese raamwerk, soos in Goewermentskennis= gewing R2029 uiteengesit, bedoel. Die begrip "stelsel" impliseer die prak= tiese toepassing of uitvoering van die beleid.

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans bekend as die President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) gestig. Die hooffunksies van hierdie komitee was om:

"a. die vraagstukke van gedifferensieerde onderwys en voorligting te bestu= deer;

b. vas te stel wat reeds op hierdie terreine gedoen is; en

c. vas te stel wat die probleme is en watter navorsing nog onderneem behoort te word voordat daar pogings aangewend word om 'n gemeenskaplike aanvaar= bare plan te ontwikkel" (RGN-verslag, 1970, p. 3).

Deel I van die komitee se verslag, wat in 1970 vrygestel is, bestaan uit die volgende drie afdelings (pp. 6 - 7):

a. Afdeling I gee 'n oorsig van onderwys- en Skoolvoorligtingstelsels in oor= sese lande met verwysing na primêre en sekondêre onderwys, skoolvoorlig= ting op primêre en sekondêre skoolvlak, die opleiding van Skoolvoorligters en onderwysbeplanning om met die mannekragbehoeftes van die beroepsbestel tred te hou.

b. Afdeling II handel oor onderwys- en Skoolvoorligtingstelsels in die Repu= bliek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika, met verwysing na primêre en sekondêre onderwys, Skoolvoorligting op primêre en sekondêre skoolvlak, die opleiding van Skoolvoorligters en onderwysbeplanning.

c. Afdeling III gee 'n uiteensetting van die motiverings en aanbevelings in= sake 'n nasionale onderwysstelsel met Skoolvoorligting as geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek en vir Suidwes-Afrika. In hierdie afdeling word daar ook verwys na die grondbeginsels van differen= siasie en gedifferensieerde onderwys, skool- en leerpliggrense, 'n nasio= nale onderwysstelsel op primêre en sekondêre vlak, 'n nasionale Skoolvoor= ligtingsdiens vir primêre en sekondêre skole, opleiding van Skoolvoorligters en onderwysbeplanning op nasionale grondslag om ook met die mannekragbe= hoeftes van die beroepsbestel tred te hou.

5.3 Wet no. 39 van 1967: Die wet op nasionale onderwysbeleid
(Staatskoerant, 31 Maart 1967, p. 5)

Na goedkeuring van die wet in die parlement is dit in die Staatskoerant van 31 Maart 1967 afgekondig.

Volgens artikel 2(1) van die wet ontvang die Minister die bevoegdheid om na oor=legpleging met die Administrateurs en die Nasionale Onderwysraad, van tyd tot tyd die algemene beleid wat ten opsigte van onderwys in skole gevolg moet word, te bepaal. Dit moet geskied binne die raamwerk van die volgende beginsels, naamlik dat:

"a. die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement in stand gehou, be=stuur en beheer word, 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofs=oortuiging van die ouers en leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede (kyk ook par. 5.5);

b. onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê (kyk par. 5.5);

c. die moedertaal, indien dit Engels of Afrikaans is, die medium van onderrig moet wees, met geleidelike billike aanpassing by hierdie beginsel van enige daarvan afwykende bestaande praktyk;

d. vereistes betreffende skoolplig, en die grense met betrekking tot skool=pligtige leeftyd, eenvormig moet wees (kyk par. 5.5);

e. aan leerlinge wie se ouers in die Republiek woon of Suid-Afrikaanse burgers is, vry onderwys verskaf moet word in skole wat deur 'n Staatsdepartement in stand gehou, bestuur en beheer word;

f. onderwys verskaf moet word ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belang=stelling van die leerlinge en die behoeftes van die land, en dat met inag=neming hiervan, gepaste voorligting aan leerlinge verstrek moet word;[x)]

---

x) In hierdie artikel is die rasionaal vir gedifferensieerde onderwys geleë.

g. koördinasie op nasionale grondslag van leerplanne, kursusse en eksamen= standaarde en navorsing, ondersoek en beplanning op die gebied van die on= derwys bewerkstellig moet word, met inagneming van die raadsaamheid van die handhawing van die verskeidenheid wat die omstandighede vereis;

h. aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade of op 'n ander wyse;

i. by die onderwysbeplanning aan wenke en aanbevelings van die amptelik er= kende onderwysersverenigings oorweging geskenk moet word; en

j. diensvoorwaardes en salarisskale van onderwysers eenvormig moet wees".

## 5.4 Wet no. 41 van 1967: Die wet op onderwysdienste

Die Nasionale Adviserende Onderwysraad, wat in 1962 in die lewe geroep is, het dit as een van sy grootste uitdagings gesien om die verdeelde beheer oor se= kondêre onderwys op te hef (Behr, 1971, p. 20). Indringende navorsing het hierna gevolg en gelei tot die herroeping van die Wet op Beroepsonderwys (Wet no. 70 van 1955) deur die Wet op Onderwysdienste (Wet no. 41 van 1967). In artikel 2(a) van die wet word die volgende bepaal (Staatskoerant, 31 Maart 1967, p. 41):

"2(a) Die Minister kan in oorleg met die betrokke Administrateur die regte, bevoegdhede en pligte bedoel in subartikel 1, ten opsigte van 'n bepaal= de skool aan die Administrateur oordra vanaf 'n datum wat hy in oorleg met die Administrateur bepaal.

3. Vanaf die datum bedoel in subartikel 2(a) gaan die regte, bevoegdhede en pligte van die Minister en die Sekretaris ten opsigte van die betrokke skool ingevolge die Wet op Beroepsonderwys, 1955, oor op onderskeidelik die betrokke Administrateur en onderwyshoof, tensy of totdat daar by or= donnansie voorsiening gemaak is vir die verlening en oplegging van ooreen= stemmende regte, bevoegdhede en pligte aan die Administrateur en onder=

wyshoof".

Op 1 April 1968 is die beheer oor Hoër tegniese, huishoud- en handelskole aan die provinsies oorhandig. Verdeelde beheer in die onderwys is in 'n groot mate deur hierdie wetgewing verminder, maar 'n vorm van provinsialisme in die beheer oor die onderwys lei nog steeds tot ongelyke standaarde in vaksillabus=se en eksamens, oormatige duplisering in administratiewe poste,ens. "Dit is noodsaaklik dat die Minister van Nasionale Opvoeding met sy Departement be=heer oor alle onderwys vir sy rekening neem; desnoods met provinsiale adminis=trasie ter wille van desentralisasie. Dit kan gedifferensieerde onderwys ten goede kom" (Kruger, 1976, p. 16).

## 5.5 Implementering op 1 Januarie 1972

As 'n resultaat van volgehoue navorsing en beplanning van bykans 10 jaar het die Minister van Nasionale Opvoeding op 8 Junie 1971 'n nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys in die Volksraad aangekondig. Volgens die aankon=diging van die beleid in die staatskoerant van 12 November 1971 moes die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel met ingang van 1 Januarie 1972 in alle skole gevolg word (of 'n jaar later).

Die Christelik-nasionale grondslae van die onderwys word as beginsels van die nasionale onderwysbeleid in Wet no. 39 van 1967 beliggaam. Hierdie beginsels word met die afkondiging tot implementering van die nasionale beleid in die staatskoerant van 12 November 1971 breër uitgewerk. Hiervolgens word bepaal dat die Christelike karakter van die onderwys nie slegs beslag kry deur Gods=diensonderrig as verpligte nie-eksamenvak nie, maar ook deur "die gees waarin en die wyse waarop alle onderrig en opvoedingswerk asook administrasie en or=ganisasie behartig word" (Staatskoerant, 12 November 1971, p. 17).

In die goewermentskennisgewing van 12 November 1971,R2029, word die wyses waar=op die nasionale karakter in die onderwys beslag moet kry, breër uiteengesit:

a. "deur die doelbewuste uitbouing van elke leerling se kennis van die vader=land ,wat taal- of kultuurerfenis, geskiedenis en tradisies, nasionale sim=

bole, bevolkingsverskeidenheid, maatskaplike en ekonomiese omstandighede, geografiese verskeidenheid en nasionale prestasies insluit; en

b. deur hierdie kennis by elke leerling tot begrip en waardering te laat groei deur middel van die sinvolle aanbieding daarvan by toepaslike fasette van die onderrig van die twee amptelike landstale, vaderlandse geskiedenis, burgerkunde en aardrykskunde in die skoolonderwys, en verder deur die deel= name van leerlinge aan nasionale feesgeleenthede en hul gereelde eerbe= toning aan die nasionale simbole, sodat -

(i) dit lei tot 'n gesindheid van patriotisme wat gefundeer is op lojali= teit en verantwoordelikheid teenoor die vaderland, sy bodem en natuur= like hulpbronne;

(ii) elke leerling daardeur 'n gebalanseerde perspektief sal verwerf; en

(iii) 'n gevoel van eensgesindheid en samewerking daardeur bewerkstellig sal word".

Die onderste en boonste grens van skoolpligtigheid word onderskeidelik op die begin van die skooljaar waarin die kind sewe jaar oud word en die einde van die skooljaar waarin die leerling 16-jarige leeftyd bereik, gestel. Die boonste skoolpliggrens vir die verstandelik vertraagde leerling word op 20 jaar gestel.

5.5.1 Skoolfases en studierigtings vir die Gewone kursus
(Staatskoerant, 12 November 1971, pp. 19 - 20)

5.5.1.1 Junior primêre fase

Die eerste fase van die laer onderwys is die junior primêre fase wat van die eerste tot die derde skooljaar strek. Vanaf graad i of substanderd A tot standerd 1 word hoofsaaklik klasonderwys gegee. Met die klem op die ontwikkeling van ba= siese skolastiese vaardighede by elke leerling, word daar dus gepoog om die be= ginsel van individuele aandag binne klassikale verband deur te voer.

5.5.1.2 <u>Senior primêre fase</u>

Hierdie skoolfase strek vanaf die vierde tot die sesde skooljaar, naamlik st. 2 tot st. 4, waartydens vakonderrig wel onderneem mag word. In hierdie fase word geen gedifferensieerde sillabusse voorsien nie, maar deur metode van aan= bieding kan daar wel by verskillende klasgroepe gedifferensieer word.

5.5.1.3 <u>Junior sekondêre fase</u>

Hierdie fase strek vanaf die sewende tot die negende skooljaar, naamlik st. 5 tot st. 7. Volgens die nasionale beleid is daar drie kenmerke waaraan die on= derwys in hierdie jare moet voldoen:

a. In die junior sekondêre skoolfase het die onderwys 'n breë, algemeen-vor= mende inslag;

b. is die meerderheid vakke verpligtend; en

c. mag daar geen gedifferensieerde leerplanne aangebied word nie, maar word die leerstof gedifferensieerd aangebied volgens die opvoedkundige behoef= tes van bepaalde groepe leerlinge.

Alhoewel st. 5 die eerste jaar van die junior sekondêre fase is, bly dit orga= nisatories deel van die primêre skool. Die klemverskuiwing van st. 5 as af= rondingsjaar van die primêre onderwys tot aanvangsjaar van die sekondêre onder= wys het veral die belangrikheid van gespesialiseerde Voorligting in hierdie jaar beklemtoon.

Die kurrikulum sluit benewens die verpligte nie-eksamenvakke ook die volgende verpligte eksamenvakke in: Afrikaans/Engels (eerste taal), Afrikaans/Engels (tweede taal), Wiskunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Algemene Wetenskap en Basiese Tegnieke. Laasgenoemde vak bied aan die onderwyser die geleentheid om leerlinge met 'n tegniese aanleg te identifiseer.

Die korrekte kanalisering van 'n leerling na 'n bepaalde sekondêre skool in die tweede jaar van die junior sekondêre fase stel weer eens groot eise aan gespe=

sialiseerde voorligting aan leerlinge. Leerlinge moet die verpligte eksamen=vakke, soos in st. 5, neem en 'n keuse maak tussen een of twee tale uit: Frans, Duits, Latyn en 'n Bantoetaal. Indien daar net een taal geneem word, moet Kuns, Musiek of Rekeningkunde geneem word. By Tegniese skole word Teg=niese Tekene, Ambagsteorie en Werkswinkelpraktyk in die plek van Tegniese Oriëntering,wat Basiese Tegnieke in die gewone skool vervang, aangebied. In die Landboustudierigting word Tegniese Oriëntering deur Algemene Landboukunde en Plaaswerktuigkunde vervang, terwyl Naaldwerk en Kleding en Huishoudkunde Tegniese Oriëntering in die Huishoudkunde studierigting vervang.

Die voorsiening van bepaalde keuses aan die leerling maak voorsiening vir in=dividuele verskille in belangstellings en aanlegte. Bent (1970, p. 329) noem ook die volgende in hierdie verband: "Permitting pupils a free choice in the selection of a limited number of subjects is a form of pupil co-operation in curriculum making".

5.5.1.4 <u>Senior sekondêre fase</u>

Teen die einde van st. 7 moet die leerling 'n finale keuse maak met betrekking tot die studierigting wat in die senior sekondêre fase gevolg moet word. Die volgende studierigtings word in hierdie fase aangebied:

a. Tegniese studierigting;
b. Handelstudierigting;
c. Landboustudierigting;
d. Natuurwetenskaplike studierigting;
e. Geesteswetenskaplike studierigting;
f. Kunsstudierigting (met inbegrip van Musiek, Drama, Ballet en Beeldende Kuns);
g. Huishoudkunde studierigting;
h. Algemene studierigting; en
i. Praktiese studierigting (Staatskoerant, 12 November 1971, p. 20).

Meer as een studierigting kan aan 'n skool aangebied word. Nadat die leerling 'n bepaalde studierigting gekies het, word die vakke in die studierigting uit bepaalde groepe (kyk par. 5.6.2) geselekteer. Derdens moet die leerling met in=agneming van sy vermoëns en die matrikulasievrystellingsvereistes besluit op wat=

ter vlak, naamlik Hoër of Standaardgraad hy verskillende vakke gaan neem. Indien die rooster dit toelaat kan 'n leerling selfs al sy vakke op Hoër Graad neem - andersins kan hy ook al sy vakke, behalwe die moedertaal, op die Standaardgraad neem.

Die vraag wat dikwels ontstaan, is of die leerling op st. 7-vlak reeds ge= reed is om verantwoordbare keuses te maak. Beukes (1974, p. 98) het uit 'n ondersoek bevind dat 30% van die leerlinge wat in die ondersoek ingesluit is, nie daartoe in staat was om 'n verantwoordbare vak-, kursus- of skoolkeuse te maak nie. Aanbevelings om hierdie situasie te verbeter, het veral neer= gekom op 'n herwaardering van die tyd wat aan Voorligting afgestaan word om die leerling tot beter self- en beroepskennis te lei. Daar is verder klem gelê op 'n lêerstelsel waarvolgens inligting met betrekking tot elke kind in die skool versamel en op datum gehou word, sowel as 'n herwaardering van psigometriese media (p. 98).

### 5.5.2 Die Praktiese kursus[x)]

Reeds in 1955 word daar in die Van Wykverslag (p. 29) gemeld dat daar spesiale voorsiening gemaak word vir die "stadige leerlinge" in Kanada deur middel van 'n praktiese kursus. "Hierdie kursus sluit ook sekere verpligte vakke in, maar die leergang is spesiaal opgestel om te pas by die behoeftes van hierdie leerlinge wat nie baat sou vind deur 'n gewone akademiese kursus te volg nie" (p. 29). Bepaling 11c van die Staatskoerant (12 November 1971, p. 19) stem bykans woordeliks met bogenoemde beskrywing van die praktiese kursus ooreen.

#### 5.5.2.1 Identifisering van minderbegaafde leerlinge

Goewermentskennisgewing R2029 sê dat uitkenning, plasing en groepering van leer= linge deur die toepassing van die volgende maatstawwe moet geskied:

---

x) Volgens T.O.D.-Omsendminuut no. 81 van 1975 is daar interdepartementeel oor= eengekom dat die benaming: 'Praktiese beroepsgerigte kursus' na 'Praktiese kursus' verander word.

a. skoolvordering;
b. meting deur gestandaardiseerde skolastiese toetse;
c. biografiese gegewens;
d. mediese verslag;
e. persoonlikheidsondersoek;
f. aanleg- en verstandstoetse; en
g. ouderdom.

Die wense van die ouers word by die plasing van leerlinge eerbiedig.

Kenmerkende eienskappe van die leerling in die Praktiese kursus is die volgende (T.O.D.-Handleiding, 1972, p. 19):

"a. 'Hierdie leerlinge skryf stadig en vind dit moeilik om hul gedagtes skrif= telik onder woorde te bring;
b. Hul kan besonderhede nie lank onthou nie;
c. Hul raak maklik verwar deur 'n menigte besonderhede; en
d. Hulle munt nie uit in eksamenskryf nie".

5.5.2.2 Praktiese studierigtings en algemene kurrikulums

Na die afkondiging van die nasionale onderwysbeleid het die Komitee van Onder= wyshoofde die fyner bepalings van die Praktiese kursus uitgewerk en gekoördi= neer. In die eerste drie jaar van die sekondêre skool word hierdie kursus in die volgende rigtings aangebied:

a. Algemene rigting;
b. Tegniese rigting;
c. Handelsrigting;
d. Landboukundige rigting; en
e. Huishoudkunde rigting.

Om leerlinge die geleentheid te gee tot 'n verdere twee jaar van lewensoriën= tering, volwassewording en beroepsoriëntering is besluit om die Praktiese kur= sus vir 'n verdere twee jaar te verleng (T.O.D.-Omsendminuut 47 van 1975).

Slegs twee rigtings word in st. 9 en 10 aangebied, naamlik:

a. Tegniese rigting; en
b. Algemene rigting ('n voortsetting van die Handel-, Algemene en Huishoud=kunde rigtings).

Verpligte eksamenvakke in st. 6 tot 8 is die volgende: Afrikaans/Engels (Eer=ste Taal), Engels/Afrikaans (Tweede Taal), Geskiedenis - Aardrykskunde, Prak=tiese Wiskunde en Algemene Wetenskap. Verder kan 'n leerling drie van die vier moontlike praktiese vakke in 'n studierigting kies. In st. 9 en 10 van die Tegniese rigting stem die verpligte vakke ooreen met dié in st. 6 tot 8, terwyl twee vakke uit 'n Tegniese rigting gekies moet word. In die Algemene rigting moet die twee amptelike tale saam met twee vakke uit die volgende: Wiskunde (Prakties), Natuur- en Skeikunde (Prakties), Geskiedenis Aardryks=kunde (Prakties), Bedryfsekonomie (Prakties) en Biologie (Prakties) en twee beroepsgerigte vakke geneem word.

### 5.5.2.3 Evaluering en sertifikaatuitreiking

Die metode van evaluering word bepaal deur die kenmerkende eienskappe van hier=die leerlinge (kyk par. 5.5.2.1) en moet veral die volgende patroon volg:

Evaluering van die leerling se werk geskied op 'n periodieke basis, sodat 'n verteenwoordigende beeld van sy werk verkry word. 'n Formele eksamen aan die einde van die jaar moet veral op die praktiese lees geskoei wees, omdat hier=die leerling veral probleme ondervind in die formele weergawe van gememoriseer=de akademiese leerstof. Hierdie eksamenpunt verteenwoordig die helfte van die uiteindelike slaagpunt.

Reeds in 1955 lê die Van Wykkomitee in hul verslag klem op die belangrikheid van 'n gespesifiseerde sertifikaat aan die minderbegaafde leerlinge: "Dit blyk dat hierdie soort leerlinge die een of ander bewys van hul vordering op onder=wysgebied (hoe swak dit ookal is in vergelyking met dié van'n begaafde kind) en van hul karaktereienskappe net so nodig het as ander leerlinge, indien nie selfs nodiger nie" ( p. 35).

Volgens T.O.D.-Omsendminuut 81 van 1975 word sertifikate vir st. 6 tot en met st. 9 in die Praktiese kursus onder die handtekening van die Direkteur van Onderwys deur die hoof uitgereik. Sertifikate vir st. 10-leerlinge in die Praktiese kursus word deur die Departement uitgereik en aan hoofde gestuur vir versending aan die kandidate.

In die benaming van die sertifikate word deurgaans soos volg gespesifiseer: "Standerd Tien (Praktiese) sertifikaat". Teen die einde van 1977 sal die eer= ste Transvaalse leerlinge hierdie sertifikaat verwerf. Die ander drie provin= sies het aanvanklik die Praktiese kursus slegs tot st. 8 aangebied (kyk par. 5.8.2.3), waarvoor 'n "Standerd Agt (Praktiese sertifikaat" uitgereik word.

Die T.O.D. maak voorsiening vir die volgende situasies wat mag opduik:

a. 'n Leerling wat st. 5 druip, maar aan die vereistes voldoen om met st. 6 in die Praktiese kursus voort te gaan en aan die einde van st. 6 druip, kry by skoolverlating 'n vaksertifikaat, waarop al die vakke wat die leerling in st. 6 in die Praktiese kursus geslaag het, aangedui word;

b. 'n leerling wat st. 5 slaag en st. 6 in die Gewone kursus druip, maar vol= doen aan die vereistes om met st. 7 in die Praktiese kursus voort te gaan en dan druip, sal by skoolverlating geregtig wees op:

   (i) 'n st. 5-sertifikaat waarop die vakke wat hy in st. 6 geslaag het ook aangedui word, en
   (ii) 'n vaksertifikaat waarop die vakke wat hy in die Praktiese kursus in st. 7 geslaag het, ook aangedui word.

5.5.2.4 Oorskakelingsmoontlikhede

Die verskillende onderwysdepartemente stem ooreen dat 'n leerling in die Prak= tiese kursus nog tot en met st. 7, met die verlies van 'n jaar, kan oorskakel na die Gewone kursus. Daar word egter beklemtoon dat hierdie oorskakeling slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg moet word.

Die ouers van 'n leerling wat goed presteer in die Praktiese kursus verkeer dikwels onder die indruk dat die kind ook goed sal presteer in die Gewone kursus en dring daarop aan dat 'n oorplasingoorweeg moet word. Indien die hoof, Voorligter en inspekteur of skoolsielkundige nie die ouers se sienswyse deel nie, moet gepoog word om die ouers taktvol tot insig te bring.

'n Praktiese voorbeeld is die geval waar 'n leerling en sy ouers tot die besef gekom het dat hy as gevolg van baie swak skoolprestasie st. 7 (Gewone kursus) nie sal slaag nie. Die ouers het daarna met die probleem by die universiteits=kliniek aangeklop om hulp. Na interpretering van psigometriese toetsresultate, in samehang met die leerling se skolastiese prestasie, vir die ouers en leer=ling in die onderhoud, is aanbeveel dat hy st. 7 in die Praktiese kursus her=haal. Daarna het die ouers erken dat daar reeds in st. 5 aanbeveel is dat hy die Praktiese kursus moet volg. Die ouers het egter gemeen dat die kind nie "dom" is nie en hom in die Gewone kursus laat plaas. Uit die onderhoud het dit verder geblyk dat die leerling reeds probleme ervaar het om st. 6 te slaag. Goeie Voorligting aan ouers en leerlinge met betrekking tot skool- en studie=rigtingkeuse in st. 5 is dus uiters noodsaaklik.

## 5.6 Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad

### 5.6.1 Ontstaan en ontwikkeling van die raad

Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (vervolgens genoem die G.M.R.) is oorspronk=lik ingestel kragtens Artikel 16 van die "Universiteit van Zuid Afrika Wet" (Wet no. 12 van 1916). "Er zal zijn gemeenschappelike raad te worden genoemd de gemeenschappelike matrikulatieraad, welke het matrikulasieexamen van de Uni=versiteit Kaapstad en Stellenbosch en de voorwaarden van vrijstelling van dat examen vasstelt" (Staatskoerant, 29 Februarie 1916).

Die G.M.R. het met stigting uit die volgende persone bestaan: verteenwoordigers van elke universiteit, soos deur die raad benoem; een verteenwoordiger van elke provinsiale onderwysdepartement en die Unie-onderwysdepartement, en verteenwoor=digers van middelbare skole.

Sekere aspekte in die samestelling en funksionering van die G.M.R., soos in artikel 16 van Wet no. 12 van 1916 uiteengesit is, verander deur artikel 15 van Wet no. 61 van 1955, waarvolgens die G.M.R. tans funksioneer. Hiervolgens bestaan die G.M.R. uit die volgende persone: twee verteenwoordigers van elke universiteit; twee verteenwoordigers van die Komitee van Universiteitshoofde; een verteenwoordiger elk van die universiteit ingestel om gekleurdes te bedien en om Bantoevolkseenhede te bedien; een verteenwoordiger van die Departement van Hoër Onderwys; een verteenwoordiger van die Departement van Bantoe-onder= wys; een vir Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede; een van die De= partement van Indiërsake; vyf verteenwoordigers van die Departement van Onder= wys van die vier provinsies en S.W.A.; ses verteenwoordigers van openbare sko= le in die R.S.A. en S.W.A.; twee verteenwoordigers van Privaatskole in die R.S.A. en S.W.A. Die ledetal is dus 43 persone. Dit word in vooruitsig ge= stel dat die G.M.R. tot 28 lede verminder word en dat die raad in plaas van twee keer per jaar, slegs een keer sal vergader (Prof. H. Venter, Onderhoud, 1976). Die voorsitter van die raad dien vir een jaar, terwyl die ander lede vir twee tot drie jaar dien.

Die Matrikulasieraad reik die volgende sertifikate uit (Staatskoerant, 29 Junie 1955, p. 69):

"a. matrikulasiesertifikate aan kandidate wat by bedoelde matrikulasie-eksa= men geslaag het en wat sodanige standaarde in sodanige vakke behaal het as wat deur die Matrikulasieraad voorgeskryf en deur die Minister goedge= keur word;

b. sertifikate van algehele, voorwaardelike of gedeeltelike vrystelling van bedoelde matrikulasie-eksamen, aan persone wat voldoen het aan die voor= waardes deur die Matrikulasieraad voorgeskryf en deur die Minister goedge= keur ;

c. skooleindsertifikate aan kandidate wat voldoen het aan sulke vereistes by sulke eksamens as wat die Matrikulasieraad voorskryf; en

d. sertifikate van slaging in afsonderlike vakke aan kandidate wat voldoen het aan die vereistes deur die Matrikulasieraad voorgeskryf".

5.6.2 Lys van vakke vir die matrikulasie-eksamen (G.M.R. 1972, pp. 1 - 2; K.O.D.-Handleiding, 1972, pp. 12 - 15).

GROEP A - Amptelike tale (Afkortings: HG = Hoër Graad; SG = Standaardgraad).

Afrikaans HG; SG
Engels HG; SG
Duits HG (Moedertaal)
Bantoetale HG (Moedertaal)

GROEP B

Wiskunde HG; SG

GROEP C - Natuurwetenskappe

Natuur- en Skeikunde HG; SG
Biologie HG; SG
Fisiologie HG; SG

GROEP D - Derde tale

Latyn HG
Frans HG
Duits HG (Derde Taal)
Grieks SG
Hebreeus HG
Italiaans SG
Tswana SG
Suid-Sotho SG
Xhosa SG.

GROEP E - Geesteswetenskappe

Geskiedenis HG; SG
Aardrykskunde HG; SG
Ekonomie HG; SG
Musiek HG; SG
Kuns HG; SG
Bybelkunde HG; SG

GROEP F - Addisionele vakke

Rekeningkunde HG; SG
Bedryfsekonomie SG (voorheen Handel)
Landboukunde HG; SG
Huishoudkunde HG; SG
Tegniese Tekene HG; SG
Letterkunde: Afrikaans en Engels SG

Alle ander vakke wat tans as vyfde, sesde of sewende vakke erken word - SG

5.6.3 Universiteitstoelatingsvereistes vanaf 1972
(Gemeenskaplike Matrikulasieraad in samewerking met die Komitee van Onderwyshoofde)

5.6.3.1 Algemene bepalings

'n Matrikulasiesertifikaat of 'n sertifikaat van vrystelling van die matriku= lasie-eksamen word uitgereik aan 'n kandidaat wat by een en dieselfde sitting vir die eksamen -

1) ses of sewe vakke, gekies uit Groepe A tot F vir die eksamen aangebied het;

2) in minstens vyf vakke geslaag het;

3) 'n minimum groottotaal van 45% behaal het;

4) geslaag het in beide amptelike tale, een op die Hoër en die ander op die Hoër of Standaardgraad (met die nodige toegewings vir Duitssprekende kan= didate uit Suidwes-Afrika en Bantoesprekende kandidate in die Republiek);

5) by die vyf geslaagde vakke minstens een vak uit elk van vier verskillende groepe ingesluit het;

6) 'n minimum van 40% behaal het in elk van minstens drie vakke op die Hoër Graad, een gekies uit Groep A en die oorblywende twee uit twee van groepe B, C, D en E.

5.6.3.2 Voorbehoudsbepalings (G.M.R. 1972, pp. 3 - 4)

(a) Die sertifikate van kandidate wat Musiek op die Hoër Graad moet aanbied as een van die vakke om aan die vereistes van 'n slaag in minstens 3 vakke op die Hoër Graad te voldoen, sal geëndoseer word dat hulle slegs toe= lating tot B.Mus. of B.A.(Musiek)-kursusse kan verkry; en dié van kandida= te wat Kuns op die Hoër Graad as sodanig moet aanbied, sal geëndoseer word dat hulle slegs tot die B.A.(Skone Kunste) -kursus toegelaat kan word.

(b) In die geval van kandidate wat 'n tegniese, landbou- of huishoudkunde stu= dierigting volg, sal 'n bepaalde vak op die Hoër Graad, uit Groep F er= ken word vir bevrediging van die vereiste van 'n slaag in drie vakke op die Hoër Graad mits 'n vak op die Hoër Graad uit Groep E nie een van sy drie vakke op die Hoër Graad is nie.

(c) In die geval van kandidate wat 'n handelstudierigting volg, sal Ekonomie op die Hoër Graad uit Groep E en/of Rekeningkunde op die Hoër Graad uit Groep F, erken word vir die bevrediging van die vereistes van 'n slaag vir 3 vakke op die Hoër Graad.

(d) In die geval van die handel-, die tegniese of landboustudierigtings, Wis= kunde op minstens Standaardgraad, en in die geval van die huishoudkunde

studierigting, Wiskunde of 'n natuurwetenskap op minstens die Standaard= graad geslaag word.

5.6.3.3 Slaagpersentasies in die Hoër en Standaardgraad (G.M.R., 1972, p. 4).

Die minimum slaagpersentasie in die Hoër Graad is 40% en in die Standaardgraad $33\frac{1}{3}$%. 'n Punt van $33\frac{1}{3}$% - 39% in die Hoër Graad sal as 'n slaag op die 40%-peil in die Standaardgraad, en 'n punt van 25% - 33% sal in die Hoër Graad as 'n slaag op die $33\frac{1}{3}$%-peil in die Standaardgraad erken word. Hierdie toegewing geld ook in die geval waar geen amptelike eksamen in die Standaardgraad afge= neem word nie.

5.6.3.4 Universiteitstoelatingsvereistes ten opsigte van bepaalde studierigtings (T.O.D.-inligtingstuk, 1975, pp. 5 - 9; Staatskoerant, 12 November 1971, pp. 17 - 18);

1. Geesteswetenskaplike studierigting

a. Woordomskrywing

'n Geesteswetenskaplike studierigting is 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke er= kende geesteswetenskaplike vakke is.

b. Universiteitstoelating

Minstens 3 vakke uit drie verskillende groepe moet op die Hoër Graad ge= neem word, waarvan een vak uit Groep A, een vak verkieslik uit Groep E (Kuns en Musiek uitgesluit) en die derde vak uit groep B/C/D gekies moet word.

c. Opmerkings

(i) Die vak Ekonomie kom wel onder die vakke in Groep E voor (kyk par. 5.6.2), maar vir vrystellingsdoeleindes word dit nie in hierdie studierigting in aanmerking geneem nie.

(ii) Die vakke Kuns en Musiek word vir vrystellingsdoeleindes in hier= die studierigting uitgesluit, want as Kuns of Musiek een van die drie vakke is waarin op die Hoër Graad geslaag sou word, sou die sertifikaat geëndoseer word soos in par. 5.6.3.2(a) aangedui.

2. Natuurwetenskaplike studierigting

a. Woordomskrywing

'n Natuurwetenskaplike studierigting is 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke er= kende natuurwetenskaplike vakke is.

b. Universiteitstoelating

Minstens 3 vakke uit drie verskillende groepe moet op die Hoër Graad ge= neem word, waarvan een vak uit Groep A, een vak verkieslik uit Groep C en die derde vak uit Groep B/D/E (Kuns uitgesluit) gekies moet word.

3. Handelstudierigting

a. Woordomskrywing

'n Handelstudierigting is 'n studierigting waarin, benewens die twee amp= telike tale, meer as twee van die handelsvakke: Rekeningkunde, Ekonomie, Handel of Bedryfsleer, Handelsreg, Kantoorroetine, Sekretariële Praktyk, Shorthand, Snelskrif, Tik, Verkoopskuns en 'n vak wat 'n soortgelyke in= houd het as so 'n vak of bestaan uit 'n kombinasie van enige van genoemde vakke, aangebied word.

b. Universiteitstoelating

Minstens 3 vakke (uit 3 verskillende groepe) moet op die Hoër Graad ge= neem word, een vak uit Groep A en twee van die volgende:

Wiskunde (Groep B);
Ekonomie (Groep E);
Rekeningkunde (Groep F).

4. Tegniese studierigting

a. Woordomskrywing

'n Tegniese studierigting is 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende teg= niese vakke is.

b. Universiteitstoelating

Minstens 3 vakke uit drie verskillende groepe moet op die Hoër Graad ge= neem word, waarvan een vak uit Groep A, een vak verkieslik uit Groep F en die derde vak uit Groep B/C gekies moet word. Wiskunde moet op minstens die Standaardgraad geslaag word.

5. Landboustudierigting

a. Woordomskrywing

'n Landboustudierigting is 'n studierigting waarin, benewens die twee amp= telike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende land= bouvakke is. Aangesien Landboukunde beide Akkerboukunde en Veekunde oor= vleuel, mag dit nie saam met enige van dié twee vakke aangebied word nie.

b. Universiteitstoelating

Minstens 3 vakke uit drie verskillende groepe moet op die Hoër Graad ge=

neem word, waarvan een vak uit Groep A, een vak verkieslik uit Groep F en die derde vak uit Groep B/C gekies moet word. Wiskunde moet minstens op die Standaardgraad geslaag word.

6. Huishoudkunde studierigting

a. Woordomskrywing

'n Huishoudkunde studierigting is 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende huishoudkundige vakke is.

b. Universiteitstoelating

Minstens 3 vakke uit drie verskillende groepe moet op die Hoër Graad ge= neem word, waarvan een vak uit Groep A, een vak verkieslik uit Groep F en die derde vak uit Groep B/C gekies moet word.

7. Algemene studierigting

a. Woordomskrywing

'n Algemene studierigting is 'n studierigting wat bestaan uit vakke gekies uit meer as een studierigting in par. 5.5.1.4 genoem.

b. Universiteitstoelating

Minstens 3 vakke uit drie verskillende groepe moet op die Hoër Graad geneem word, waarvan een vak uit Groep A en twee vakke uit Groep B/C/D/E gekies moet word. Laasgenoemde twee vakke moet uit twee verskillende groepe ge= kies word.

8. Kunsstudierigting (Beeldende Kuns; Musiek en Ballet)

a. Woordomskrywing

'n Kunsstudierigting is 'n studierigting waarin benewens die twee amptelike

tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende Kunsvakke is.

b. Universiteitstoelating

Minstens 3 vakke uit 3 verskillende groepe moet op die Hoër Graad geneem word, waarvan 1 vak uit Groep A en vir die eerste twee Kunsstudierigtings onderskeidelik Kuns en Musiek uit Groep E moet wees. Vir die Beeldende Kuns- en Musiekstudierigtings moet die derde vak óf Wiskunde (Groep B) óf Biologie (Groep C) óf Duits óf Frans (Groep D) wees. Vir die Kunsstudie= rigting (Ballet) word by die vak uit Groep A een van die volgende vak= kombinasies aanbeveel: Wiskunde en Frans; Biologie en Frans; Musiek en Frans; Geskiedenis en Frans; Wiskunde en Musiek; Wiskunde en Geskiedenis; Biologie en Geskiedenis of Biologie en Musiek.

5.6.3.5 Vakkeusebepalings vir die nie-universiteitstoelatings= kursus (T.O.D.-Inligtingstuk, 1975, p. 9)

Leerlinge se vakkeuses moet aan die volgende vereistes voldoen:

a. 6 of 7 vakke uit Groepe A tot F moet uit minstens 3 groepe gekies word;
b. beide amptelike tale is verpligtend, een op die Hoër en die ander op die Hoër of Standaardgraad;
c. die oorblywende vakke moet dus uit minstens twee verskillende groepe geneem word, behalwe in die volgende geval: leerlinge wat 'n Handelstudierigting volg, kan Bedryfsekonomie saam met enige drie van die vakke: Rekeningkunde, Snelskrif, Shorthand en Tik neem. Om Snelskrif en/of Shorthand te neem, moet 'n leerling ook Tik as vak neem.

5.6.3.6 Oorskakelingsmoontlikhede (Handleidings van Onderwysdepartemente, 1972)

Wat die oorskakeling van een studierigting na 'n ander na st. 7 betref, ontleed elke provinsiale onderwysdepartement sy eie situasie en lê dan breë riglyne in hierdie verband neer. In die algemeen is daar nie onoorkomelike probleme wan=

neer leerlinge in st. 6 of gedurende die eerste kwartaal of termyn van st. 7 na 'n ander skooltipe wil verander nie. Slegs in Hoër Landbou- en Hoër Teg= niese Skole neem die leerlinge vanaf st. 6 'n verpligte kurrikulum van kern- sowel as bykomende vakke. Die oorskakeling na die Tegniese- en Landboustu= dierigtings na st. 7 sal dus slegs in hoogs uitsonderlike gevalle oorweeg word.

Indien 'n leerling besonder goed presteer in die Praktiese kursus, kan hy na oorlegpleging met die hoof en kringinspekteur aan die einde van st. 8 oorska= kel na die begin van st. 8 in die Gewone kursus wat aanpas by die studierig= ting wat hy in die Praktiese kursus gevolg het. (Vir verdere bespreking van die Praktiese kursus, kyk par. 5.5.2).

Die Kaaplandse onderwysdepartement lê besondere klem op die voorkoming van verkeerde keuses van leerlinge deur "opvoedkundig verantwoordbare voorligting en advies aan leerlinge" (K.O.D.-Handleiding, 1972, p. 40).

## B. Provinsiale toepassings van die nasionale beleid

Na algemene koördinering van die nasionale onderwysbeleid deur die Komitee van Onderwyshoofde het elke provinsiale onderwysdepartement die beleid met klein verskille geïmplementeer. Om hierdie verskille na te gaan, is gebruik gemaak van handleidings wat elke departement aan skole vrygestel het met betrekking tot die implementering van die beleid, asook omsendskrywes vanaf 1972 tot op datum. In hierdie afdeling sal slegs gepoog word om uitstaande aspekte van die implementeringsbeleid van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente aan te raak.

### 5.7 Transvaal

Die Transvaalse Onderwysdepartement het die nuwe gedifferensieerde onderwys= stelsel in sts. 5, 6, 7 en 8 in Januarie 1973 geïmplementeer, sodat die eerste matriekeksamen daarvolgens in 1975 afgeneem is. Die administrateur het gestel dat "die stelsel soveel voordele aan so 'n groot verskeidenheid leerlinge bied dat dit onwys sal wees om met die invoering te talm" (T.O.D.-Onderwysnuusflitse, no. 32, September 1972, p. 3).

5.7.1 Tegniese studierigting in Elektronika

Die T.O.D. het met ingang van 1976 'n tegniese studierigting vir meisies in st. 6 met Elektronika as tegniese komponent by die Hoër Meisieskool Ferdinand Postma te Potchefstroom ingestel (T.O.D.-Omsendminuut no. 79 van 1975). Die volgende verpligte vakke word in die kursus aangebied: Afrikaans, Engels, Wis=kunde, Natuur- en Skeikunde, Tegniese Tekene en Elektronika.

Die beroepsveld vir hierdie meisies is veral in die vliegtuignywerheid, die radio- en televisienywerheid, die tegniese afdeling van die poswese en ver=skeie ander instansies. By die keuring van die leerlinge, wat ongeveer 60 per jaar sal beloop, word voorkeur verleen aan kandidate met 'n gemiddelde of bo-gemiddelde aanleg vir Wiskunde en Wetenskap.

5.7.2 Die Praktiese kursus in sts. 9 en 10
(T.O.D.-Omsendminuut no. 47 van 1975)

Die beskikbaarstelling van voortgesette onderwys en opvoeding nā die bereiking van die boonste skoolpliggrens bied die geleentheid tot "'n verdere twee jaar van lewensoriëntering, volwassewording en beroepsoriëntering" (p. 6). Hier=deur word ook uitvoering gegee aan die beginsel in Wet no. 39 van 1967 dat die land se behoeftes in ag geneem moet word.

Die kurrikulum vir sts. 9 en 10 is in par. 5.5.2.2 uiteengesit. Met die same=stelling van sillabusse is daar gepoog om 'n goeie standaard te handhaaf ten einde:

"a. die leerling die geleentheid en die nodige uitdaging te bied om sy potensi=aal ten volle te laat ontplooi;

b. die leerling gereed te maak om na die vyfde jaar (st. 10) met gemak by die handel en nywerheid in te skakel; en

c. te verseker dat die potensiële werkgewers erkenning aan leerlinge wat die Praktiese kursus met welslae deurloop het, kan gee" (p. 12).

In T.O.D.-Omsendminuut 65 van 1976 word bekendgestel dat die st. 8-Praktiese sertifikaat gelykgestel word met st. 8-Standaardgraadsertifikaat met betrekking tot werksgeleenthede, salarisse en bevordering. Dieselfde geld vir die st. 10-kursusse. Probleme in erkenning van die Praktiese kursus word hiermee opge=los. Slegs enkele probleme wat uit hierdie drastiese beleidsafkondiging voort=spruit, word vervolgens genoem:

a. Die Standaardgraad- en Praktiese vakke, byvoorbeeld Wiskunde verskil nie alleen in 'n baie groot mate in standaard nie, maar ook in andersoortige beklemtonings;

b. Die Praktiese leerling wat saam met die Standaardgraadleerling in dieselfde beroepsektor aangestel word en nie uit die aard van sy vermoëns, aan=leg en bekwaamheid dieselfde gehalte werk kan lewer nie, kan minderwaardig=heidsgevoelens ontwikkel, omdat die werkgewer op grond van die gelyke ser=tifisering in kwalifikasies gelykstaande kwaliteit in werk verwag. Hierdie situasie mag selfs afdanking en herhaalde wisseling in werk tot gevolg hê, wat weer tot persoonlikheids- en gedragsprobleme kan aanleiding gee;

c. Ouers sal in 'n baie groter mate aanvra dat hul kinders wat swak vorder op skool, ongeag die feit dat die volle verstandspotensiaal moontlik nie ge=aktualiseer word nie, na die Praktiese kursus oorgeplaas moet word sodat die kind makliker 'n st. 10-sertifikaat kan verwerf.

In 1974 het die "Transvaal Teachers' Association" ondersoek ingestel na die funksionering van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel in Transvaal deur 'n verteenwoordigende steekproef primêre en sekondêre skole vir hierdie doel te selekteer. Met betrekking tot die Praktiese kursus is gevind dat die getal leerlinge in hierdie kursus van 0 tot 145 by verskillende skole varieer. Waar daar nie genoeg minderbegaafde leerlinge vir die instelling van 'n Praktiese kursus was nie, moes dié leerlinge die Gewone kursus volg. Skolastiese pro=bleme, wat uit herhaalde mislukkings in skoolwerk voortgevloei het, het later in gedragsprobleme en selfs jeugmisdaad gemanifesteer. Die onderwysersver=eniging het tot die volgende gevolgtrekking gekom: "It is thus a matter of great importance that less able pupils are placed in suitable classes, even if this means subsidising their transport to schools where such classes are

available" (Transvaal Educational News, Junie 1974, p. 10).

In T.O.D.-Omsendbrief 8 van 1973 is die volgende personeelvoorsieningskaal vir die Praktiese kursus gestel:

TABEL 5.1

Personeelvoorsieningskaal vir die Praktiese kursus

| Totale inskrywing van die skool op die tiende skooldag van die jaar: | | 399 en minder | 400 tot 499 | 500 en meer |
|---|---|---|---|---|
| 20 | leerlinge in die Praktiese kursus gee en behou die volgende pos(-te) | 1 | - | - |
| 36 | leerlinge | - | 1 | - |
| 52 | leerlinge | - | - | 1 |
| 68 | leerlinge | 2 | - | - |
| 84 | leerlinge | - | 2 | - |
| 100 | leerlinge | - | - | 2 |

Hierdie skaal is nie van toepassing op sekondêre skole met 'n tegniese studierig= ting nie.

5.7.3 Funksionele Wiskunde en Natuur- en Skeikunde
(T.O.D.-Omsendminuut no. 20 van 1975)

Die rasionaal vir die instelling van hierdie kursusse word in genoemde omsend= minuut gegee, naamlik dat dit bedoel is vir "leerlinge wat nie Wiskunde Stan= daardgraad kan bemeester nie, maar wat tog Wiskunde vir hulle kursus nodig het".

Met personeelvoorsienings- en roosterprobleme in gedagte kom dit voor asof die instelling van hierdie kursus genoodsaak is deur 'n te hoë standaard in Standaardgraad en Hoër Graad Wiskunde. Hierdie saak sal in die empiriese on= dersoek geverifieer word.

Funksionele Wiskunde en Natuur- en Skeikunde mag nie gelyktydig met Standaard= graad of Hoër Graad Wiskunde en Natuur- en Skeikunde in dieselfde lokaal on= derrig word nie. Baie gevestigde vakke (soos Rekeningkunde Hoër en Standaard= graad) word egter in baie skole in dieselfde lokaal onderrig as gevolg van per= soneeltekorte. Dié Funksionele vakke is ook nie universiteitstoelatingsvak= ke nie.

5.7.4 Spesiale klasse en skole (T.O.D.-Omsendminuut no. 131 van 1975)

As uitvloeisel van die beginsel in Wet no. 39 van 1967 dat leerlinge onderwys moet ontvang ooreenkomstig hul vermoëns, talente en belangstellings is Spesiale Onderwys herstruktureer. Sedert April 1974 is alle junior verstandelik ver= traagde leerlinge (12 jr. en jonger) oorgeplaas na spesiale klasse aan primêre skole. Hierdie reëling is interdepartementeel deurgevoer. Leerlinge ouer as 12 jr. word oorgeplaas na die spesiale skool in die komprehensiewe eenheid.

5.7.5 Hulpklasse vir leerlinge met spesifieke leergestremd= hede (T.O.D.-Omsendminuut no. 32 van 1975)

5.7.5.1 Identifisering van leerlinge

Kinders met leergestremdhede kan normale of bo-normale verstandelike vermoëns hê, maar kan as gevolg van byvoorbeeld neurologiese afwykings nie daarin slaag om dié vermoëns te aktualiseer nie. Afwykings kan op die volgende terreine ma= nifesteer: persepsie, begripsvorming, taal, geheue, aandagskonsentrasie en motoriese funksies. Met skooltoetrede deurloop alle leerlinge die voorgeskrewe skoolgereedheidsprogram, waardeur die onderwysers spesifieke leerprobleme by kinders kan identifiseer.

Dit word beklemtoon dat leerlinge vir die hulpklasse so vroeg moontlik uit= geken word, maar nie binne die eerste halfjaar van Graad I nie. 'n Leerling behoort ook nie langer as die einde van die jaar waarin hy/sy 9 jr. oud word in so 'n klas aan te bly nie, met ander woorde nie na die einde van die Ju= nior Primêre fase nie.

5.7.5.2 Doel met hierdie vorm van buitengewone onderrig

"Die doel is om die kind met spesifieke leerprobleme deur middel van gespe= sialiseerde onderwysmetodes en terapie soveel moontlik te help om sy spesi= fieke leerprobleme te oorkom sodat hy in die gewone klas kan vorder volgens sy vermoëns". Indien 'n leerling nie binne 'n tydperk van twee jaar sy pro= bleem te bowe kom nie, word hy/sy na die Departement van Nasionale Opvoeding verwys.

5.7.5.3 Groepering van leerlinge

Leerlinge word in drie groepe geklassifiseer, naamlik Groep A, wat in die ge= wone klasse aanbly en daar remediërende onderwys ontvang; Groep B, naamlik kinders wie se probleme van so 'n aard is dat hulle gespesialiseerde onderrig in hulpklasse vir 'n tydperk van hoogstens 2 jr. moet ontvang; Groep C, naam= lik kinders wat nie in so 'n mate vorder dat hulle na die gewone klasse kan terugkeer nie en met aanbeveling van die hoof, die inspekteur van onderwys en die Sielkundige Diens na die Departement van Nasionale Opvoeding verwys word.

Die grootte van 'n hulpklas is deur die Departement op 8 leerlinge gestel, met die oog op voldoende individualisering. 'n Leerling word slegs met die skriftelike toestemming van die ouers in die hulpklas geplaas.

5.7.5.4 Personeel

Die Onderwysdepartement stel die volgende vereistes aan personeellede wat hier=die buitengewone onderrig behartig, naamlik minstens 3 jr. ervaring in junior werk, besondere belangstelling in kinders met leerprobleme en die belangrikste aspek, naamlik dat die persone gespesialiseerde opleiding ontvang het. 'n Addisionele pos is op die personeel ingestel, net soos vir 'n spesiale klas.

5.7.6. Komprehensiewe eenhede

Transvaal se semi-stedelike en groot plattelandse gemeenskappe leen hul as gevolg van die konsentrasie van skole tot die saamgroepering van 'n aantal skole wat verskillende studierigtings aanbied. Die stigting van die huidige 42 komprehensiewe eenhede het daaruit voortgespruit dat dit nie moontlik en wenslik sou wees om 'n skool so groot uit te bou dat al 8 die studierigtings asook al die rigtings van die Praktiese kursus daarin aangebied sou kon word nie (T.O.D.-Handleiding vir gedifferensieerde onderwys, 1972, p. 32; Trans=vaal Educational News, Oktober 1972, p. 4). Daar word gepoog om Sielkundige en Voorligtingsdienste in elke komprehensiewe eenheid te voorsien.

'n Plaaslike beplanningskomitee, met die inspekteur van onderwys as voorsit=ter, is ingestel om die Departement te adviseer met betrekking tot die volgen=de sake:

"a. die groepering van skole in die komprehensiewe eenheid;
b. die toekenning van studierigtings aan skole; en
c. die wegneem of byvoeging van vakversamelings tot skole" (T.O.D.-Handleiding, p. 33).

Vakversamelings bestaan uit 'n groep vakke wat 'n sinvolle geheel uitmaak. Om te verseker dat leerlinge na st. 7 'n vakversameling neem wat wel sinvol is deurdat dit die leerling voorberei vir verdere studie of vir die beroep wat ge=volg gaan word, word vakversamelings in elke studierigting deur die T.O.D. be=paal. Skole kan binne die studierigtings aan hom toegeken enige vakversameling, wat op die amptelike lys van vakversamelings voorkom, aanbied, indien daar op

die tiende skooldag van die jaar nie minder as 15 leerlinge per vakgroep in st. 8 is nie.

## 5.8 Oranje-Vrystaat

In Omsendbrief no. 84 van 1972 van die O.V.S. Onderwysdepartement word daarop gewys dat die noodsaaklikheid van 'n nuwe onderwysbedeling aangetoon is deur die onvoldoende benutting van Suid-Afrika se mannekragpotensiaal onder die "huidige stelsel". Die oorsaak hiervan was skoolverlating "op 'n te lae vlak van skoling en vorming". Ter stawing van die genoemde situasie is die volgende statistiek aangehaal: "vir elke 100 leerlinge in st. 6 bereik

| | | |
|---|---|---|
| 89 die st. 7-vlak | - | 11 sak uit |
| 72 die st. 8-vlak | - | 28 sak uit |
| 57 die st. 9-vlak | - | 43 sak uit |
| 46 die st. 10-vlak | - | 54 sak uit". |

### 5.8.1 Algemene aspekte in die Gewone kursus (O.V.S.-Omsendbrief no. 84 van 1972)

Die nuwe stelsel is vanaf Januarie 1973 in sts. 5 en 6 en vanaf Januarie 1974 in sts. 7 en 8 toegepas, sodat die eerste st. 10-eksamen volgens dié stelsel in November 1976 afgeneem is.

Die Onderwysdepartement beklemtoon vroeë identifisering van spraak-,leer-, lees- en gedragsprobleme gedurende die primêre skoolfases. In 1973 is daar, benewens die Skoolkliniek te Welkom, vier bykomende Skoolklinieke, naamlik een elk te Bloemfontein, Kroonstad, Sasolburg en Bethlehem gestig om in bo=genoemde behoeftes te voorsien.

In baie opsigte laat die klein sekondêre afdelings van plattelandse skole doeltreffende differensiasie skade ly (Rossouw, 1974, p.26). Die sillabusse is so opgestel dat daar 'n gemeenskaplike kern vir die Hoër en Standaardgraad bestaan (O.V.S.-Omsendbrief no. 91 van 1972). Skole wat te min leerlinge het om afsonderlike klasgroepe vir die twee grade te vorm, word daarom toegelaat

om 'n vak vir albei grade in een klas aan te bied. Die doeltreffendheid van hierdie reëling sal verder uit vraelysresponse beoordeel word.

Met die instelling van die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys in die Oranje-Vrystaat is geen ekstra personeel tot skole toegevoeg nie: "soos u weet, is personeelvoorsiening in die Oranje-Vrystaat reeds so ruim soos moontlik" (Omsendbrief no. 84 van 1972). Indien 'n skool dus om toevoeging van 'n vak(-ke) vra om sodoende 'n nuwe studierigting te skep of uit te brei, moet dit met bestaande personeel en fasiliteite gedoen word. Hoofde moes ook die instelling van 'n Praktiese kursus(-se) met bestaande personeel hanteer (Omsendbrief no. 94 van 1972).

Elke sekondêre skool moes met die instelling van die nuwe gedifferensieerde on=derwystelsel by die Onderwysdepartement aansoek doen vir die aanbieding van be=paalde studierigtings. Skoolhoofde is dan voorsien van die vereistes sowel as van 'n handleiding waarin voorbeelde van vakversamelings vir vrystelling en nie-vrystelling verskyn met 'n aanduiding hoe elke vakversameling in elke studierig=ting hiervoor getoets kan word (O.V.S.-Omsendbrief no. 91 van 1972, p. 5).

### 5.8.2 Die Praktiese kursus

#### 5.8.2.1 Identifisering van dié leerlinge (Omsendbrief no. 91 van 1974)

Daar word beklemtoon dat geen absolute kriteria vir die uitkenning en plasing van hierdie leerlinge bestaan nie. Skoolhoofde word geadviseer om 'n dubbele kriterium van die intelligensie- en die vergelykende kwosiënt toe te pas: "'n I.K. van 80 - 95 saam met 'n vergelykende kwosiënt van laer as 100 (waar leer=linge se prestasie vergelyk word met die gemiddelde prestasie van die klas) gee 'n heel betroubare aanduiding". Hieruit word afgelei dat die betrokke leerling oor 'n swakker verstandelike vermoë as die gemiddelde beskik en ook inderdaad deurgaans swakker presteer as die gemiddelde prestasie van die klas.

Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word ter aanvulling van die beeld van die leerling:

a. Ouderdom

'n Leerling behoort slegs toegelaat te word tot die eerste jaar van die kursus (st. 6) indien hy reeds veertienjaar oud is of veertienjaar word gedurende dië jaar. Op hierdie wyse word verseker dat sy sestiende jaar saam met die derde jaar van die kursus (st. 8) val[x)]

b. Druiping

Die aantal kere wat 'n leerling gedruip het, sowel as sy vergelykende kwosiënt met betrekking tot prestasies in die Eerste , Tweede Taal en Wiskunde is ver= dere aspekte wat in gedagte gehou moet word.

c. Gestandaardiseerde toetse

Die leerling se prestasie in gestandaardiseerde skolastiese toetse gee 'n aan= duiding van sy standerdpeil in vergelyking met dië van leerlinge in die betrok= ke standerd in die Republiek van Suid-Afrika.

5.8.2.2 Groepering van leerlinge
(Omsendbrief no. 94 van 1972)

Met betrekking tot die groepering van leerlinge wat die Praktiese kursus volg, word geen voorskrifte aan skole gegee nie. Die wenslikheid van groepering in afsonderlike klasgroepe word egter beklemtoon, omdat die inhoud van die silla= busse asook die aanbevole metodiek van die vakke in die Praktiese kursus gesa= mentlike onderrig baie sal bemoeilik.

---

x) Op 30 Julie 1975 (Omsendbrief no. 91 van 1975) word gestel dat leerlinge wat teen die einde van die jaar die st. 8-Praktiese sertifikaat verwerf en in 1976 nog skoolpligtig is, en nie die gewone st. 8-kursus wens te volg nie, by die Direkteur van Onderwys kan aansoek doen om vrystelling van skoolbe= soek. (Die Praktiese kursus is nie in 1976 in st. 9 voortgesit nie).

Die Onderwysdepartement verleen toestemming dat leerlinge in kleiner sekondêre skole, waar getalle nie aparte klasse regverdig nie, in die gewone klasse opge= neem word en daar "moet by wyse van proefneming vasgestel word in hoeverre hulle in dieselfde klas as die ander leerlinge en met ekstra periodes, bes moontlik in die middag, gehelp kan word".

5.8.2.3 <u>Voortsetting van die Praktiese kursus na sts. 9 en 10</u>

Die O.V.S.-Onderwysdepartement het met die instelling van die Praktiese kursus in 1974 gestel dat leerlinge na voltooiing van st. 8 (Prakties) na die Gewone kursus in st. 8 kan oorskakel, en wel na die studierigting wat aanpas by die praktiese rigting wat tot op daardie stadium gevolg is. Indien die kenmerke van die leerling in die Praktiese kursus met betrekking tot intelligensie en leer= vermoë (kyk par. 5.5.2.1) in ag geneem word, kan daar egter nie gesien word hoe= dat hierdie leerling, wat nie eers in die senior primêre of junior sekondêre fa= ses kon vorder nie, nou in die senior sekondêre fase sal vorder nie.

Die moontlikheid het wel bestaan dat 'n leerling tot op 'n st. 9- en 10-peil kan vorder in sekere vakke (Omsendbrief no. 94 van 1972). Die praktiese probleme met implementering hiervan, sal egter veral op die gebied van roosterbotsings na vore kom.

Op 30 Julie 1975 (Omsendbrief no. 91 van 1975) is aangekondig dat die Praktiese kursus nie in 1976 na st. 9 voortgesit word nie, omdat "sillabusse nog nie afge= handel, eksamenvereistes nie bepaal en handboeke nie in hierdie stadium beskik= baar is nie". Alhoewel Transvaal ook in 1976 handboekprobleme vir die Praktiese kursus ondervind het, is die kursus in st. 9 voortgesit. Alhoewel die betrokke leerlinge van die O.V.S. dus nie na st. 9 kon gaan nie, kan daar wel geredeneer word dat leerlinge wat voor die instelling van die kursus moontlik slegs st. 7 kon bereik, met die nuwe stelsel tog 'n st. 8 (Prakties)-sertifikaat kon behaal.

Uit onderhoude met skoolhoofde in Vanderbijlpark (1976) het dit geblyk dat 'n groot groep Praktiese kursusleerlinge, wat st. 8-Prakties in die Oranje-Vrystaat voltooi het, nie toelating tot Transvaalse skole kon kry nie, omdat dié skole reeds die vorige jaar personeel vir die Praktiese kursus moes aanvra (T.O.D.-Omsendbrief no. 8 van 1973).

Uit 'n brief van die O.V.S.-Onderwysdepartement (26 Oktober 1976) blyk dit dat die Praktiese kursus in 1977 in st. 9 in 'n beperkte aantal skole aangebied word. Die eerste st. 10-eksamens sal dus teen die einde van 1978 afgeneem word.

5.8.2.4 Spesiale klasse en skole (Omsendbrief no. 39 van 1974)

Vir verstandelik vertraagde leerlinge (I.K. 50 - 80) word in die volgende ouder= domsgroepe voorsiening gemaak: Juniorgroep: 8 - 10 jr.; Middelgroep: 11 - 12 jr. en Seniorgroep: 13+ jr. Die Junior- en Middelgroepleerlinge word in die primêre skole in spesiale klasse geakkommodeer, terwyl die 13+ jr. leerlinge in voorbe= roep- of spesiale skole onderwys en opleiding ontvang.

## 5.9 Natal

Met die instelling van die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys in 1973 is die volgende verspreiding van vermoëns in Natalse skole gevind (Levinsohn, 1972, p. 12):

"5% van die leerlingtal met 'n I.K. laer as 80;
10% van die leerlingtal met 'n I.K. tussen 80 en 90;
70% van die leerlingtal met 'n I.K. tussen 90 en 120; en
15% van die leerlingtal met 'n I.K. hoër as 120".

Die 5% leerlinge met 'n I.K. laer as 80 vorm die verstandelik vertraagdes (kyk par. 6.5.3) vir wie tot op die ouderdom van 13 jr. in spesiale klasse in die primêre skool voorsiening gemaak word en na 13jr. in voorberoephoërskole (spe= siale skole).

Die 10% leerlinge in die 80 - 90 I.K.-groep vorm die groep minderbegaafdes (kyk par. 6.5.4), waarvoor in die Praktiese kursus in sts. 6, 7 en 8 voorsiening ge= maak word.

Vir die oorblywende 85% leerlinge wat 'n gemiddelde tot bo-gemiddelde verstande= like vermoë besit, word gedifferensieer in vakkeuse en die graad (Hoër of Stan=

daardgraad) waarin vakke in die senior sekondêre skoolfase aangebied word.

### 5.9.1 Algemene aspekte in die Gewone kursus

Met die instelling van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel was Voorligting en Burgerlike verantwoordelikheid een vak, waarvoor vanaf st. 6 een periode per week toegeken is (Levinsohn, 1972, p. 16). Met die be= klemtoning van "gepaste Voorligting" as grondslag van doeltreffende dif= ferensiasie (Goewermentskennisgewing R2029) is 'n handleiding vir onder= wyser-voorligters beskikbaar gestel (N.O.D.-Omsendbrief no. 33 van 1975). Hierin is die doel en veld van Voorligting en die funksie, pligte en werks= program van die onderwyser-voorligters uiteengesit.

Ongeveer 42% van die totale leerlingtal sou dus die Standaardgraadkursusse "wat binne die verstandelike vermoëns van hierdie leerlinge val", kon volg (Levinsohn, 1972, p. 16). In die lig hiervan is die vakke Funksionele Wis= kunde en Funksionele Natuur- en Skeikunde, wat 'n minder teoretiese bena= dering bevat, ingestel. In 1975 is daar egter nog 'n verdere vak, naamlik Addisionele Wiskunde ingestel, wat op die Hoër Graad geëksamineer word (Om= sendbrief no. 13 van 1975). Die Onderwysdepartement reik 'n verklaring van prestasie aan die kandidate uit, omdat die vak nie op die Seniorsertifikaat aangedui word nie.

Daar word baie sterk klem gelê op die vroeë bepaling van die verstandelike vermoë van leerlinge en identifisering van leer- en verstandelik gestremdes (Omsendbrief no. 58 van 1975). Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets moet daarom in sts. 2 en 5 toegepas word.

Op 9 Maart 1972 (Omsendbrief no. 38 van 1972) is 'n lys van studierigtings en vakke aan hoofde van skole gestuur om aan te dui watter studierigtings aan die skool aangebied word en of bestaande personeel en fasiliteite vol= doende is.

### 5.9.2 Die Praktiese kursus

In 1972 is die Praktiese kursus vir instelling in sts. 6, 7 en 8 in 1973 beplan. "It is anticipated that the majority of the pupils taking this course will leave school at the end of the year in which they turn sixteen years of age" (Omsendbrief no. 38 van 1972). Op daardie stadium is daar dus geen voorsiening vir sts. 9 en 10 in die Praktiese kursus gemaak nie.

Die Onderwysdepartement het statisties bereken dat die leerlinge wat in 1973 die Praktiese kursus tot st. 8 gevolg het, slegs 10% van al die leer= linge in die sekondêre skole verteenwoordig. "Dit is dus hoogs onwaarskyn= lik dat die aantal leerlinge in dié kategorie in standerds nege en tien so= danig sal wees dat hulle ekonomiese eenhede vir onderrigdoeleindes sal vorm" (Omsendbrief no. 34 van 1973). Op 27 Julie 1973 is in laasgenoemde omsend= brief bekendgestel dat die moontlike voortsetting van die tegniese rigting na sts. 9 en 10 op interdepartementele vlak oorweeg word.

Die Onderwysdepartement het in 1972 gestel dat leerlinge wat na st. 8 nog skoolpligtig is, of verkies om nog die skool by te woon in staat is om die twee amptelike tale en twee of meer vakke, veral vaardigheidsvakke, op die Standaardgraad in st. 8 of 9 te neem (Levinsohn, 1972, p. 14). In Omsend= brief no. 34 van 1973 word tot die gevolgtrekking gekom dat dit voordeliger vir dié leerlinge sal wees om na st. 8 tot 'n beroep toe te tree.

### 5.9.3 Voorberoephoërskole

Tot Desember 1971 was 2% van die totale aantal leerlinge in st. 7 tot 10 in voorberoephoërskole. Met die instelling van die nuwe gedifferensieerde on= derwysstelsel moes daar vir die leerlinge wat vroeër in aanpassings- of spe= siale klasse in die sekondêre skool geakkommodeer was, in voorberoephoërsko= le voorsiening gemaak word, sodat die persentasie leerlinge van 2 tot 6% ge= styg het (Levinsohn, 1972, p. 13). Leerlinge bly in die voorberoephoërskole tot die ouderdom van 16 jr.,maar indien hulle die volle kursus voltooi het en nog skoolpligtig is, sal 'n verdere gespesialiseerde kursus aangebied word.

Om "onnodige klem op die spesiale aard van die voorberoephoërskole te vermy", word spesifieke name aan die skole gegee, bv. Uplands Junior Hoërskool, South Hills Junior Hoërskool, ens.

5.10 Kaapland

Die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel is in 1974 in skole geïmplementeer, sodat die eerste st. 10-eksamens hiervolgens teen die einde van 1976 afgeneem is.

5.10.1 Aanbieding van vakke op Hoër en Standaardgraad in dieselfde klas

In die besinning oor die implementering van die nasionale beleid van gedifferen= sieerde onderwys in die klein sekondêre skole in Kaapland, het die Onderwysde= partement aanbeveel dat hierdie skole vakke op Hoër en Standaardgraad gelykty= dig in dieselfde klaslokaal aanbied (Handleiding, 1972, p. 26). Ter motivering van hierdie aanbeveling word die volgende gestel: "in die meeste vaksillabusse het die twee grade (Hoër en Standaardgraad) 'n gemeenskaplike kern, wat dié soort klasorganisasie moontlik maak" (p. 26). Daar word verder daarop aanspraak gemaak dat hierdie groepering van leerlinge die onderrig "tewens verryk en ver= diep" (Handleiding, 1972, p. 27).

In April 1973 is 'n referaat oor hierdie onderwerp op 'n inspekteurskonferensie gelewer. Die beginsels waarop hierdie onderrig moet berus, word gesien as: self= werksaamheid, herhaling, remediërende werk en skeiding van die groepe in die klas= kamer. Met betrekking tot Rekeningkunde word aanbeveel dat slegs die sillabus vir die Hoër Graad tot aan die einde van st. 8 onderrig moet word, sodat Standaardgraad= leerlinge met begrippe wat eers in st. 9 voorgeskryf is, kan kennis maak en in die vierde kwartaal finaal kan besluit oor die graad waarop die vak in sts. 9 en 10 geneem moet word (p. 67). In die eksamens word daar egter gedifferensieer deur aparte vraestelle vir Hoër en Standaardgraadleerlinge.

Alhoewel die vakke in die Kaaplandse skole nie in vaste vakpakkette ingedeel is nie, het die Onderwysdepartement vir elke studierigting 'n groep vakke aanbeveel,

waaruit skole na aanleiding van hul besondere omstandighede keuses kan maak (Handleiding, 1972, pp. 16 - 20).

5.10.2 Die Praktiese kursus

Die Praktiese kursus is vir die eerste keer in 1974 in Kaapland ingestel. Ty= dens 'n inspekteurskonferensie in April 1973 is daar in 'n referaat oor hierdie kursus besonder klem gelê op die gesindheid van "geloof in elke kind: in sy menswaarde, sy nuttigheidswaarde ooreenkomstig sy talente, sy eiewaarde en sy toekomswaarde vir sy vaderland" (p. 2) as grondslag vir sukses met hierdie kur= sus.

Die moontlikheid vir die saamgroepering van leerlinge in die Praktiese kursus en die Gewone kursus word voorsien (Referaat, Inspekteurskonferensie, 1973, p. 12). Die veel hoër standaard en vinniger werkstempo van die leerlinge in die Gewone kursus mag egter deur hierdie reëling skade ly (K.O.D.-Handleiding, 1972, p. 36).

Met die aansoek van 'n skool om 'n Praktiese kursus aan te bied, word die per= soneelposisie deur die Onderwysdepartement ondersoek en oorweging aan ekstra personeel geskenk.

5 C Die komprehensiewe hoërskool

In die veertigerjare van die 20ste eeu het die Nicol-, Pretorius- en De Villiers= kommissies veral klem gelê op differensiasie "na buite", naamlik deur uitbouing van akademiese en beroepskole, wat op daardie stadium onder provinsiale beheer gestaan het. Finansiële probleme na die Tweede Wêreldoorlog het veral gelei tot Wet no. 70 van 1955, waardeur beroepsonderwys, wat alreeds 'n speelbal tus= sen die provinsies en die Unie-Onderwysdepartement (later Departement van On= derwys, Kuns en Wetenskap en later Departement van Nasionale Opvoeding) geword het, weer na die Unie-Onderwysdepartement teruggeplaas is.

Die Van Wykkommissie poog egter in 1955 om die probleme in die weg van doeltref= fende differensiasie "na binne" op te los, naamlik deur die uitbouing van die

komprehensiewe skool-gedagte.

Selfs in 1974 het Rossouw (p. 22), wat 'n ondersoek geloods het na die probleme in die implementering van die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys in die kleiner sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat, die volgende bevind: "in die Vrystaat was hoogstens sprake van 'n mate van differensiasie na buite in afsonderlike skole of in 'n matige wye vakkeuse".

In die Van Wykverslag (1955, p. 69) word in die beskouing van die komprehensiewe hoërskool aangesluit by dié van Franklin J. Keller: "The community high school that serves all the youth and has provided for all their educational needs, is commonly called the comprehensive high school". Die Steynkommissie (Verslag, 1953, p. 25) beskou hierdie verskeidenheid van studierigtings en vermoënsgroepe as "the charm and the challenge"van die komprehensiewe hoërskool.

Enkele voor- en nadele van die komprehensiewe hoërskool, soos deur die Van Wykverslag (1955, pp. 69 - 70) gedek, word vervolgens, met enkele verwysings na die huidige situasie, bespreek:

a. Voordele

i) Die komprehensiewe hoërskool kan as 'n groter skool meer kursusse met 'n wyer vakkeuse aanbied en dus doeltreffender differensieer. Tydens onderhoude met st. 7-leerlinge en hul ouers met betrekking tot die keuse van studierigtings en vakke vir die senior sekondêre skoolfase, kom dit telkens na vore dat leerlinge se keuse in 'n groot mate bepaal word deur die grootte van die skool. Die skool kan slegs soveel vakke en studierigtings aanbied as wat personeelvoorsiening, roosterwerking en aanvraag in getal leerlinge vir 'n bepaalde vak dit toelaat.

ii) Die individualiteit van die leerling gaan nie in die groter komprehensiewe skool verlore nie, "trouens dis die enigste skool waar die ontwikkeling van die volle mens tot sy reg kan kom"(Van Wykverslag, 1955, p. 69).

iii) In die komprehensiewe hoërskool kan leerlinge maklik van kursus verander, sonder ontwrigting en aanpassingsprobleme wat 'n nuwe skool noodwendig teweegbring.

iv) In hierdie skool word die leerlingtal verteenwoordig deur 'n groot diversiteit in aanleg-, belangstelling- en vermoënsgroepe.

v) Die stigma wat dikwels aan beroepsonderwys geheg word as die rigting vir "dom" leerlinge, word in die komprehensiewe hoërskool uit die weg geruim. Gelykwaardige status word dan aan alle studierigtings ver= leen.

Nadele

i) Die gevaar bestaan dat die intieme onderlinge verhouding tussen hoof, personeel en leerlinge in die groot skool verlore kan gaan.

ii) In stedelike gebiede mag die stigting van komprehensiewe hoërskole klas= severdeling in die hand werk, omdat kinders uit 'n bepaalde sosio-eko= nomiese groep in een skool saamgetrek word.

iii) 'n Besondere probleem in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is daarin geleë dat die kwaliteit van 'n onderwyser oor die algemeen beoordeel word volgens leerlinge se eksamenresultate. Omdat bevordering van die onderwyser in 'n groot mate hierop gebou word, is baie onderwysers nie bereid om die verantwoordelikheid vir laer bekwaamheidsgroepe te aanvaar nie. Hierdie probleem manifesteer veral in die komprehensiewe hoërskool met sy diversiteit van bekwaamheidsgroepe.

iv) Die Steynkommissie (Verslag, 1953, p. 26) het in Transvaalse skole, waar 'n mate van komprehensiwiteit reeds voorgekom het, bevind dat: "vir sommige onderwysers met hul ingewortelde gewoontes was dit feitlik onmoontlik om hulle by hierdie veranderde toestand aan te pas".

v) 'n Verdere beswaar wat uit die Steynverslag (1953, p. 26) na vore kom, is die hoë eise wat aan die hoof en personeel gestel word ten opsigte van uitgebreidheid van kennis, belangstelling en begrip en "dat min men= se daaraan kan voldoen".

In 1971 verklaar Behr (p. 159): "The Transvaal had already accepted the compre= hensive school as the most suitable vehicle for its educational policy". Behr

sê verder dat die behoefte bestaan om sekondêre onderwys as 'n totaliteit te beskou, waardeur die kind as hele mens opgevoed word en nie in die eerste en laaste plek as tegnikus of akademikus nie. Die verdeelde beheer oor sekondêre onderwys in Suid-Afrika is volgens Behr (p. 160) die rede waarom skole in Transvaal slegs semi-komprehensiewe inrigtings kan wees.

Op 'n aanbeveling by die Minister van Nasionale Opvoeding dat sekondêre skole toegelaat moet word om soveel studierigtings as moontlik in die senior sekon= dêre fase aan te bied, het hy die volgende uitspraak gelewer: "toestande in ons land is van so 'n aard dat daar geen dwang uitgeoefen kan word in verband met die verskaffing van groot skole wat vir 'n groot verskeidenheid studievel= de voorsiening maak nie" (T.O.D.-Onderwysnuusflitse, no. 30, Maart 1972, p. 9). Die Minister stel verder dat daar binne die nuwe beleid beweegruimte vir groter komprehensiewe hoërskole is, maar dat "genoegsame" differensiasie deur uitbrei= ding van studierigtings by skole verkry word.

Die Administrateur van Transvaal toon in September 1972 (T.O.D.-Onderwysnuus= flitse, no. 32, p. 2) aan dat 'n stelsel van komprehensiewe eenhede (kyk par. 5.7.6.4) grootskaalse duplisering van fasiliteite en personeel sal voorkom en dat alle onderwys daardeur binne bereik van elke leerling gebring word.

Transvaal, met sy groter dorpe en dienooreenkomstige konsentrasie van skole, leen hom makliker tot die implementering van die komprehensiewe eenhede as die Vry= staat met sy klein sekondêre skole wat geografies verspreid geleë is. In 1974 het Rossouw (pp. 244 - 248) hierdie probleem in die Oranje-Vrystaat nagevors en die verdeling van die Vrystaat in 13 streke aanbeveel. Binne elk van hierdie streke sou die verskillende studierigtings aangebied kon word. Die teenkanting van ouers en die behoud van die dorpskool as kultuursentrum is egter die belang= rikste probleme in die weg van sentralisasie (Rossouw, 1974, pp. 27, 307). Pro= bleme met betrekking tot die implementering van die nuwe beleid van gedifferen= sieerde onderwys in die Oranje-Vrystaat sal in latere hoofstukke verder bespreek word.

## 5.11 Samevatting

In Wet no. 39 van 1967 is die rasionaal vir gedifferensieerde onderwys in die raam= werk van tien beginsels neergelê. Een van hierdie beginsels is dat onderwys voor= siening moet maak vir 'n diversiteit in bekwaamheid, aanleg en belangstelling. Wet no. 41 van 1967 is 'n belangrike stap in die rigting van uitskakeling van ver= deelde beheer in die onderwys. Hierdie twee wette het tot Goewermentskennisgewing R2029 gelei waarin die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys uiteengesit is. Na die bespreking van alle aspekte van die beleid is die stelsels in die onder= skeie provinsies in hierdie hoofstuk bespreek. In Transvaal is veral sake soos die spesiale en hulpklasse en komprehensiewe eenhede uitgesonder. Implementering van aspekte rondom die Praktiese kursus in die verskillende provinsies is ook na= der toegelig. Die aanbieding van vakke op Hoër en Standaardgraad in Kaapland is verder kortliks bespreek.

Die hoofstuk is afgesluit deur die bespreking van die komprehensiewe hoërskool as saamtrekpunt van alle studierigtings. Enkele voor- en nadele van dié skoolorga= nisasie is ook aangedui.

In hoofstuk 6 sal onderwysvoorsiening vir buitengewone leerlinge in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys bespreek word.